StatieSkinner

VOLUME 05

GEBIEDSKAKELDRAER
Gerard de Kamper
082 841 6851
gerard.dekamper@up.ac.za

TRANSVAAL STAATMAKER WEBWERF
http://transvaal.staties.co.za

DIE REDAKTEUR
Magda de Jager
083 431 3425
maggiedj@telkomsa.net

Kopiereg © 2007 Die Voortrekkers: Transvaal Staatmakers - Spesiale Projekte Komitee

REDAKSIONELE BABBEL

Nou ja, dis bietjie vroeër as lente, maar ons kon net eenvoudig nie wag om die volgende StatieSkinner uit te stuur nie. Daar's soveel nuus om te versprei! En moet nie vergeet van die skinnerstories nie...

In hierdie, ons vyfde uitgawe, begin ons met 'n splinternuwe reeks: StatieSter en StatieSkanne. Gaan lees gerus wie jy met trots kan groet, en vir wie jy eerder moet lag. Ons kort ook julle bydraes, so stuur dit in!

Baie belangrike inligting sal jy op bladsy twee van die StatieSkinner vind, dit handel oor ons nuwe range en kleredrag. Onthou ook van die baie opwindende Nasionale Interstatie wat plaasvind van 9-12 Augustus by Wemmershoek in die Kaap. Hierdie is een geleentheid wat beslis nie misgeloop kan word nie. Die prys is 'n skamele R500, en dit sluit 'n wyntoer in.

Ons het hierdie keer ook so 'n ou reseppie ingewerk wat ons hoop julle goed sal kan gebruik. Lees ook oor die Staatmakeraktiwiteite van die afgelope ruk.

Nou ja, geniet dit, en onthou: Ons kort ook julle bydraes, so laat loop met die tikkery!

Groete,

Magda

STATIES OP TUKS STIG

Staatmakers is na meer as 'n dekade weer op die kampusse van die Universiteit van Pretoria. Hierdie lang verwagte vereniging is uiteindelik gestig in 2007.

Aan die begin van die akademiese jaar is daar begin met 'n werwingsveldtog om lede vir die vereniging te werf. Daar is in die eerste week meer as 80 studente gewerf waarvan daar 60 nie-Voortrekkers is.

Op die stigtingsvergadering is 'n Uitvoerende Komitee (UK) vir die vereniging verkies: Willem Scholtz (Voorsitter), Coenie Erwee (Adjunkvoorsitter), Liesl Cilliers (UK-Lid Administrasie en Bemarking), Nelmari de la Rey (UK-Lid Finansies) en Jaco Horn (UK-Lid Projekte en Funksies).

Daar gaan vir elke portefeulje 'n komitee gestig word. Indien enige persoon belangstel om te help met die bestuur van Staties op TUKS kan hulle Staties op TUKS kontak by die volgende e-pos adres: statiesoptuks@voortrekkers.org.za.

Die vereniging het tydens die Universiteit se opedag Saterdag, 26 Mei 2007 toekomstige lede gewerf. Die belangstelling was oorweldigend en ja, daar is nog steeds diegene wat nie geweet het dat ons nog bestaan nie…

IN DIE PYPLYN

Daar word 'n bierfees beplan vir die derde kwartaal by die Klapperkop Kommando terrein.

Spanne van vier persone kan inskryf vir 'n verskeidenheid individuele speletjies. Daar is lekker pryse op die spel… Vir die wat eerder net wil kom kyk: Julle is meer as welkom.

Vir meer inligting aangaande die bierfees of enige ander projek besoek gerus die vereniging se webwerf by: http://transvaal.staties.co.za/statiesoptuks

KENNISGEWING

Bekkige Briewe is StatieSkinner se eie briewekolom. Ons het jou briewe dringend nodig!
Sê jou sê en maak ‘n lawaai – Moet net nie jou bek hou nie!

NASIONALE INTERSTATIE

PLEK: Wemmershoek
DATUM: 9-12 Augustus
KOSTE: R500.00ps

SLUITINGSDATUM
21 Julie 2007 Regtig!

Die inligtingsbrief en inskrywingsvorm is beskikbaar op Transvaal Staatmakers se webblad.

As daar een Staatmakersaamtrek is wat jy nie wil misloop nie, is dit die Nasionale Interstatie. KOM KUIER SAAM!

SLUITINGSDATUM VIR ARTIKELS

StatieSkinner 6

7 September 2007

StatieSkinner 7

26 Oktober 2007

PLASING VAN ADVERTENSIES
Indien jy of julle groep ‘n advertensie in die StatieSkinner wil plaas moet dit ons voor of op die bogenoemde datums bereik.

ADVERTENSIES WORD SONDER KOSTE GEPLAAS.

STATIE RANGE

Hey, jy! JA, jy! Jou badge het verander… Die nuwe Staatmaker-handleiding is vars en nuut! Daar is baie nuwe dinge in die handleiding en een van hulle is die Staatmakers se nuwe range en nek tooisels.

Die volgende rang veranderinge is alreeds deur die hoofbestuur goedgekeur:

HOOFSKAKELDRAER

ADJUNKHOOFSKAKELDRAER(S)

GEBIEDSKAKELDRAER



ADJUNKGEBIEDSKAKELDRAER(S)



GROEPLEIERS
(by ‘n Staatmakergroep van ‘n kommando)

ADJUNKGROEPLEIERS
(by ‘n Staatmakergroep van ‘n kommando)

GROEPLEIERS
(by ‘n Staatmakergroep los van ‘n kommando)

ADJUNKGROEPLEIERS
(by ‘n Staatmakergroep los van ‘n kommando)

Daar is nog ‘n paar nuwe dinge waarna Staatmakers kan uitsien:

NOMINASIES VIR DIE STAATMAKER TOEKNNING
Die nominasie proses en die evalueringskriteria is aangepas vir Staatmakers van vandag.

WAAR PAS ONS IN?
Die nuwe struktuur van die Staatmakers en waar ons inpas by die res van
Die Voortrekkers.

ABC PUNTE TOEKENNING
Die ABC stelsel is uiteindelik aangepas vir Staatmakers. 150 punte is beskikbaar vir bywoning en 150 punte is beskikbaar vir aanbieding.

NUWE OOREENKOMSTE VIR ALMAL

- Hoofskakeldraer
- Adjunkhoofskakeldraers
- Gebiedskakeldraers
- Adjunkgebiedskakeldraers
- Groepleiers
- Adjunkgroepleiers

Elke Staatmakergroep moet ‘n afskrif van die Staatmakerhandleiding, memoranda en ooreenkomste kry. Weet waaroor dit gaan!

ONBESPROKE SPREUK:

Ons berekeninge is almal op die toekoms. Die verlede het homself klaar uitgewerk.

CJ Langenhoven

Sierlik in Blou

Die range is nie al wat verander het nie. Na baie jare kan Staatmakers weer uitgeken word aan Formele Voortrekkerdrag. Ons het weer ‘n das en ‘n serp van ons eie.

Die Hoofbestuur het die volgende aanpassings goedgekeur:

STAATMAKERDAS:
Die formele das vir mans is aangepas deur die rooi kleur met Staatmakerblou te vervang.

STAATMAKERSERP:
Die serp vir Staatmakerdames is aangepas deur die rooi vlekke te vervang met Staatmakerblou.

Staatmakers gaan voorwaar sierlik lyk in ons eie nek tooisels. Dra met trots!

AANKOPE EN BESTELLINGS:

Die Voortrekkerdepot is in die proses om die nuwe rangkentekens en formele dasse en serpe aan te koop.

Hierdie spesiale kledingstukke sal teen die normale pryse beskikbaar wees. Geen ekstra koste word gehef vir dié spog artikels nie.

Aankope kan by die Voortrekkerdepot gemaak word, in persoon of deur middel van ‘n faksbestelling. Let daarop dat ‘n administrasiefooi gehef word vir faksbestellings.

DEPOT DETAIL:
Telefoon Nommer
012 329 0198/9

Faks Nommer:
012 329 0200

Vir meer kontakinligting sien die webblad.

STAATMAKER HANDELSMERK

Met die nuwe range en nek tooisels is die Staatmakers besig om ons handel merk in Die Voortrekkers te hervestig.

Die Spesiale Projekte Komitee is egter opsoek na kreatiewe maniere om ons handelsmerk informeel te versterk, op kampe, saamtrekke, kentekendae ens.

Indien jy ‘n idee het, of jy nou dink dis goed of sleg, stuur dit na willem.scholtz@telkomsa.net en ons sal met dit werk. Jou idee maak dalk die verskil!

STAATMAKER BEMARKING CD

Die Staatmaker bemarking laserskyf is uit eindelik in produksie.

Hierdie laserskyf sal onder andere die reglemente, die nuwe Staatmakerhandleiding, ‘n bemarking skyfievertoning en die StatieSkinner uitgawes bevat.

Die laserskyf is nog nie vrylik beskikbaar nie maar sal op die Nasionale Interstatie 2007 amptelik bekend- en vrygestel word.

Die Spesiale Projekte Komitee gaan hierdie laserskyf aan elke Staatmakergroep stuur. Maak asseblief seker dat jou groep een kry. Elke Gr 12 verkenner sal ook een ontvang.

Indien jy die inligting eerstehands wil kry, moenie op jou laat wag nie, skryf vandag in vir die Nasionale Interstatie.

DIE STATIE PRYSE

StatieSter

Gerhard Morkel (Riempies) vir die plasing van ‘n puik artikel in die PUK kampus Beeld. Doe zo voort!!

StatieSkanne

Christiaan Wentzel. Net omdat jy laat gekuier het om die Staties se naam hoog te hou, beteken dit nie dat jy kan lê en slaap tydens die kerkdiens nie!

OPSOEK NA

Die redaksie is opsoek na enige sappige skande stories van Staatmakers.

Ons wil graag met elke uitgawe lag vir snaakse voorvalle en erkenning gee aan ‘n Staatmaker prestasie.

Stuur ‘n kort beskrywing van die voorval asook ‘n foto aan die StatieSkinner redaksie.

Hou dan hierdie spasie dop vir jou bydrae!

VERONTSKULDIGING

Die artikels in hierdie nuusbrief is nie die opinies van Die Voortrekkers, Die Staatmakers, Transvaal Staatmakers of die Redaksie nie. Artikels word geplaas soos die Redaksie dit ontvang het.

TANTALUS SKEMERKELKIE

Bestanddele
Een deel brandewyn
Een deel suurlemoensap
Een deel grenadellasap
Ysblokkies

Metode
Plaas vier ysblokkies in ‘n drankiemenger, voeg al die bestanddele by en skud goed.

Syg die mengsel deur in ‘n kelkie en sit onversier voor.

GRAPGAT

‘n Groepie toeriste besoek die Sudwala grotte en verstom hulle aan die interessante formasies wat die stalagmiete en stalaktiete gevorm het. Op die vraag oor hoe oud die formasies dan is, antwoord die gids: “Drie miljoen en vyf jaar!” “Hoe kan jy so presies weet?” vra een van die toeriste. “Wel,” antwoord die gids ‘ . . . toe ek vyf jaar gelede hier oorgeneem het as gids, het die baas vir my gesê die goed is drie miljoen jaar oud!”

STOUTEGAT

Oupa sit op die stoep sonder sy broek. Ouma vra verbaas: "Hoekom sit jy sonder `n broek?" Oupa: "Gister het ek sonder `n hemp gesit, toe kry ek `n stywe nek!"

BOERETROOS

by Nellie Swart

Overberg Staatmakers (of OBS soos meeste van ons hulle ken) het hierdie jaar weer uitgehang en soos gewoonlik ons stoutste verwagtinge oortref.

Anders as laasjaar (met ‘n middel eeuse tema) het hulle hierdie jaar geskik vir ‘n skaapbraai op 5 Mei 2007 in die lapa van die Nellie Swart Laerskool.

Met aankoms was daar vir elkeen ‘n bietjie OBS (Old Brown Sjerrie). Daar het ook ‘n lekker reukie in die lug gehang: die van ‘n lam wat van vroeg middag af al op die spit braai... Die ou skapie het gekom, hy is gesien en hy is geëet. Soos altyd was die ete wat OBS voor gesit het van die boonste rakke.

Ou Staatmakervriende het tot vroeg die volgende oggend nog gesit en kuier. Daar sal ook nog lank gepraat word oor die Bulls se oorwinning…

DE LA REY

‘n Kultuur Avontuur

Sweepslag Staatmakers het die naweek van 17 Maart 2007 ‘n verkenner nagmars aangebied. Die tema was: “DE LA REY – ‘n Kultuur Avontuur” en het plaas gevind by die Sammy Marks museum.

As jy nie geweet het wat daar aangaan nie kon jy dit baie maklik misgis as ‘n boeremag ‘bootcamp’ met die een dubbel en drie enkel weermagtente.

Die verkenners is in hul groepe verdeel en het weggespring op hul missie: om Genl. Koos de la Rey te red van die Britse mag. Hulle het voor die Anglo boere oorlog begin en net te laat opgedaag om hom te red van sy ontydige einde (dit was omtrent net so voor die rebellie van 1915).

Hierdie nagmars met sy meel, kettieskiet en diamante, sal die verkenners nog vir jare onthou en die Staatmakers vir ander redes…

Die Sterre Voorspel Nie

GEMINI (DIE TWEELING)

Jy is hierdie kwartaal ‘n besige bytjie, maar jy is dalk te besig… In die tweede week gaan jy jou stem verloor en ineen stort. Moenie op jou kamstige sesde sintuig vertrou nie: jy is nie intellektueel nie en sal ook nooit wees nie. Jy kan ook nie multi-task nie.

Jou geesgenoot:	George W Bush
Jou kleur:	Baba Pink
Jou element:	Jellie

CANCER (DIE KREEF)

Jy is hierdie kwartaal te emosioneel betrokke by jou werk. Jou kollegas is nie jou familie nie en geniet dit om jou te misbruik. Jou persepsie dat jy ander moet beskerm is net ‘n fragment van jou oor-aktiewe verbeelding. As jy voel dat jy nie iewers hoort nie: vang die skimp, hulle soek jou nie daar nie.

Jou geesgenoot:	Robin Williams
Jou kleur:	Bruin
Jou element:	Modder

LEO (DIE LEEU)

Jy is hierdie kwartaal in vir ‘n baie eentonige en eenvoudige bestaan. Jy is nie die leier van die trop nie. Jy is nie spesiaal by die werk nie en nog minder by die huis. Leer maar om een van die middelklas volgers te wees. Onthou dat dit nie ‘n goeie selfbeeld is nie – die aanvaarde term is arrogansie en selfs jy kan dit nie behoorlik doen nie.

Jou geesgenoot:	Paris Hilton
Jou kleur:	Ligte Grys
Jou element:	Gietyster

GEDAGTE VIR ‘N SENT:
Moenie gevang word vir dronkbestuur as jy nog onder probasie is nie!